DEEL 117 | WEEK 32 | 8 AUGUSTUS 2025 | R5
HEILBRON HERALD



# VEGTER TOT OP DIE EINDE

## *Heilbron neem afskeid van George Roos*

Die gemeenskap van Heilbron het Donderdag, 7 Augustus 2025, in rou en herinnering saamgestaan tydens die gedenkdiens van George Simon Pearson Roos, 'n geliefde jong man van net 25 jaar oud, wat diep spore in die harte van almal wat hom geken het, nagelaat het.

George is op 2 Augustus oorlede, ongeveer sewe dae ná 'n beenmurgoorplanting wat op 25 Julie plaasgevind het. Ná 'n aanvanklike golf van hoop en dankbaarheid oor die beskikbaarheid van 'n geskikte skenker, het sy liggaam onverwags in skok gegaan. Mediese personeel het alles in hul vermoë gedoen om hom te red, maar dit was tevergeefs.

Sy pa, ook George, vertel dat sy seun sedert Mei in isolasie in die hospitaal was. "My seun was 'n staatmaker – altyd bereid om die ekstra myl te loop. Hy het nooit gekla nie, selfs nie tydens die moeilikste tye nie. Hy het altyd positief gebly." Roos sê verder: "Ek het self drie keer 'n kans op die lewe gekry – ek het twee keer kanker oorwin en 'n nier verloor. George het egter nie 'n tweede kans gekry nie."

George se siekte is gediagnoseer nadat sy familie opgemerk het dat hy bleek gelyk het, bloukolle op sy lyf gehad het, sy oë bloedrooi was en 'n knop onder sy arm verskyn het. In reaksie op sy toestand is daar in Mei 'n groot veldtog geloods om geskikte beenmurgskenkers te vind. Hoewel die skenkerproses anoniem was, is dit onbekend of die uiteindelike skenker uit dié veldtog gekom het.

George word onthou as 'n jong man met lewenslus, 'n sterk waardestelsel en 'n groot vriendekring. Sy lewensmaat, Rolindi, het in 'n aangrypende brief tydens die gedenkdiens hul spesiale band beskryf: "Jy was nie net my kêrel nie – jy was my sielsmaat, my veilige plek, my beste vriend."

Die diens, gelei deur ds. Braam van Zyl vanuit die NG Moedergemeente in Heilbron, is bygewoon deur 'n groot groep familie, vriende en gemeenskapslede. George se draers was vriende en familie: JJ Joubert, SJ Groenewald, AW Lategan, Waldo Snyman, Charl Lombard en JD Booysen.

George se familie het hul opregte dank uitgespreek aan elke persoon wat saam met hulle in gebed, hoop en liefde gestaan het tydens sy pad van behandeling. "Ons glo vas dat George nou rus en vrede gevind het. Tot ons mekaar weer sien."

George Roos sal onthou word vir sy moed, liefde en die inspirasie wat hy vir ander was. Sy afwesigheid laat 'n groot leemte, maar sy nalatenskap sal bly voortleef.







# Toesig oor plaaslike regering verwelkom

• *Vrystaat Landbou*

Die landbougemeenskap is meer blootgestel aan die gevolge van munisipale ineenstorting as die meeste. Terwyl ander besighede en individue kan verskuif, is boerderybedrywighede gekoppel aan hul geografiese ligging. Dit maak die landbousektor hoogs afhanklik van 'n funksionerende plaaslike regering.

Ongelukkig ly landelike gemeenskappe lank onder ineenstortende dienste en infrastruktuur op plaaslike regeringsvlak, wat armoede vererger en die ekonomiese lewensvatbaarheid van landelike Suid-Afrika ondermyn.

"Daarom verwelkom Vrystaat Landbou die Parlement se COGTA-komitee aankondiging van 'n nuwe toesigmodel vir munisipaliteite, wat in die Vrystaat Provinsie van stapel gestuur sal word," sê Friedl von Maltitz, Vise-president van Vrystaat Landbou (VL).


Die Parlement se aankondiging volg op 'n verdoemende verslag deur die Ouditeur-Generaal verlede jaar, wat ernstige munisipale finansiële wanbestuur in die Vrystaat blootgelê het. Die verslag het 16 munisipaliteite met onbefondsde begrotings, meer as R4.2 miljard in ongemagtigde uitgawes, herhaalde ouditmenings met vrywaring en wydverspreide versuim om finansiële state betyds in te dien, aan die lig gebring.

"Munisipale diensineenstorting begin met swak finansiële bestuur. Dit is dus hoog tyd dat die nasionale regering plaaslike regering aanspreeklik hou. Plaaslike munisipaliteite het te lank straffeloos gewerk – gemeenskappe vernietig sonder om gevolge te dra," het von Maltitz gesê.

Die haglike toestand van munisipale paaie, nie-funksionele brandstasies, waterbesoedeling, rioolbehandelingsprobleme, verswakkende waterinfrastruktuur en onbetaalde Eskom-rekeninge is slegs enkele van die grootste uitdagings waarmee landelike gemeenskappe te kampe het as gevolg van disfunksionele plaaslike regering.

Deur ons plaaslike Boereverenigings bly VL daartoe verbind om aktief met plaaslike regering te skakel en die toesigkomitee waar moontlik te ondersteun om die groeiende munisipale krisis aan te spreek.

Gepas is die tema van Vrystaat Landbou se Jaarlikse Kongres (6–7 Augustus): "Wortels van Veerkragtigheid – Krag van die Grond af."



## Uit die Pen:

### Week 32

Ek wou nie vandag hieroor geskryf het nie, maar deesdae kom meld die temas van my skrywes hulself aan. En meng dan in met my beplanning.

Enige persoon wat op gereelde grondslag iets moet skryf, sal jou vertel dat jy later leeg raak. Jou kop kan nie meer aan iets dink nie. Die geheim is om net te gaan sit en iets begin tik. So sê hulle. Let wel: ek verwys nie na myself as 'n skrywer nie, al wou ek kleintyd net stories skryf.

Ek kan onthou dat my Ouma Cielie Swanepoel, gebore in April 1898 (as ek reg onthou), allerhande interessanthede in haar kas gehad het. Daar was 'n swart rok wat in 'n plastieksak toegemaak was. Dan was daar spesiale slaapklere, in skitterwit, in 'n sekere laai in haar kas. Daar was ook 'n eienaardige skryfblok: beige papier met 'n swart randjie om. Die koeverte het daarby gepas: beige en swart rand.

Hulle het nie baie van die dood gepraat nie. Maar ek kon later agterkom dat die swart rok haar rouklere was. Vir wanneer oupa Hansie Swanepoel eendag die tuig moet neerlê.

Die nuwe wit pajamas was vir haar doodskis.

Daardie tyd het ek daaroor gegril. Ek het nogal verwonder hoekom jy mooi klere moet aantrek as jy vir altyd in 'n doodskis gaan lê. Dis mos nutteloos en daar is niemand wat jou klere sou kon bewonder nie.

Die skryfblok, het ek gehoor, is om mense wat ver is in te lig oor iemand se afsterwe. Die bladsye van die skryfblok was kleiner (ek dink A5). Daarom dink ek dat jy net die nodigste sou skryf. Dit sou dalk geklink het soos argaïese Afrikaans:

"Geagte Ben en Berta

Dit is met groot hartseer dat ons julle moet laat weet van die ontydige afsterwe van ons broer, Johan, in die lewe van Heilbron distrik. Die begrafnis vind plaas op deser 10 Augustus 1942 en Dominies Brink sal voortgaan. Daarna sal hy ter aarde bestel word te Welgelegen, waar hy na sy laaste woning sal vertrek."

Ek dink hulle het so min as moontlik woorde gebruik, want die bladsye was so klein. Of: die bladsye was so klein sodat hulle so min as moontlik woorde moes gebruik.

My ouma Cielie het haar swart rok gedra toe Oupa Hansie dood is. Ek dink vir ses maande lank. Soms het sy haar swart mantilla oor haar dun, grys hare gegooi.

Daar was mos 'n voorgeskrewe routydperk vir wanneer iemand doodgaan. Ek kan nie onthou nie, dalk ses maande vir die afsterwe van jou man, en 'n jaar vir die afsterwe van 'n kind, maar ek praat onder "korrupsie."

Die tye het ongelooflik verander.

Ek plaas graag grapperige prentjies en videos op my WhatsApp status. Sommer net om iemand wat daarna kyk, op te beur.

Onlangs sien ek 'n uitnodiging na 'n begrafnis. Ja, 'n uitnodiging. Ek het gedog slegs koninklikes word uitgenooi na ander hooggeplaastes se begrafnis.

Iedergeval: "Jy word uitgenooi na die begrafnisdiens van Sarie Senekal. Die begrafnisdiens sal op 11 Augustus om 11:00 in die Moederkerk plaasvind. Gebruik asseblief hierdie skakel om te registreer."

Ek dink iemand sal om drie redes hierop reageer:

1. Indien jy vir Sarie Senekal ken, sal jy dalk die begrafnisdiens wil bywoon.
2. As jy 'n vriend of vriendin van Sarie Senekal se kinders is, sal jy dalk wil simpatiseer. (En ek neem nou aan dat die boodskap nie van Sarie Senekal self gestuur is nie, maar namens haar)
3. As jy dalk 'n professionele roubeklaer is (ons almal ken hulle).

Laasgenoemde daag by elke begrafnis op en huil asof dit hulle eie bloedfamilie is wat ter ruste gelê word. Met *toebies* en tee na afloop van die erediens.

Terug by die uitnodiging: toe ek dit sien, vra ek vir die persoon op wie se status dit is, of dit sy ma is? Uiteraard het ek agtergekom dat hulle dieselfde van het. Waarop hy antwoord: "Ja."

Goed so, dink ek. Elke gesprek is soos 'n tenniswedstryd. Ek sê iets, vra 'n vraag of maak 'n opmerking waarmee die ander persoon die bal kan terugslaan.

En dit gebeur toe nie.

Net "ja".

Goed, dan simpatiseer ek. Want ek is regtig jammer dat sy ma dood is.

Wat is die punt van die hele relaas, wonder jy? Dis dit: dat die wêreld so verander het wat betref die dood en begrafnisse. Kleintyd moes almal swart klere aangetrek het, en die vroue het vir lank swart klere gedra. Selfs sommige kinders. Die mans het 'n swart bandjie om hulle bo-arms gedra terwyl hulle rou. Ons sien dit soms by rugbyspelers.

Niemand word nog met pen en papier verwittig van iemand se dood nie. Jy sit dit bloot op jou WhatsApp, en dan weet al die 570 kontakte op jou foon dit. Jou baas, die bankbestuurder (ingeval van 'n erflating, natuurlik), die familie en selfs mense met wie jy nie elke dag praat nie.

Ek wens vandag ons kan teruggaan na die dae van pen en papier. Van briewe skryf aan almal wat saakmaak wie 'n belang by die oorledene gehad het. Al is dit net 'n kort nota – dit help om jou seer te verwerk.

Ek wens ons kan nie meer skaam wees oor ons eie rouproses nie. As dit jou twee maande neem om oor iemand se dood te kom, is dit goed. As dit jou sewe jaar neem, is dit ook goed.

Ek wens elke mens wat met die dood te doen gehad het, word toegelaat om hulle eie seer aan die wêreld te wys sonder dat iemand iets sê soos: "Kom oor dit!" Die wêreld is klaar seer en moeg genoeg. Ons hoef dit nie van ons kant af seerder te maak nie.

# Breë glimlagte dié biltongseisoen

Na maande se afwagting het die NGK Heilbron Moedergemeente se Buffeljagkompetisie op 'n hoë noot afgesluit.

Vrydagoggend, 1 Augustus, is agt gelukkige wenners deur die Buffeljagkomitee getrek. Janse Van Rensburg Rekenmeesters het seker gemaak dat die trekking vlot en regverdig verloop.

**Die wenners is as volg:**

**1. Dries du Plessis**
- 1 x buffelbul
- 2 nagte se selfsorgakkommodasie vir 2 persone in Ellisras

**2. Ferdi Smith**
- 1 x blouwildebees
- 1 x rooibok
- 2 nagte se selfsorgakkomodasie vir 2 persone in Ellisras

**3. Rudi Rautenbach**
- 1 x swartwildebees
- 2 x rooibokke
- 1 nag se selfsorgakkommodasie vir 2 persone in Heilbron

**4. Dries Olivier**
- 1 x blouwildebees
- 1 x rooibok
- 3 nagte se selfsorgakkommodasie vir 4 persone in Thabazimbi

**5. Koos Engelbrecht**
- 1 x springbok
- 3 x blesbokke
- 2 nagte se selfsorgakkommodasie vir 8 persone in Heilbron

**6. Rickas Stoop**
- 1 x swartwildebees
- 3 x blesbokke
- 2 nagte se selfsorgakkommodasie vir 4 persone in Heilbron

**7. Frik van Schalkwyk**
- 4 x blesbokke
- 2 nagte se selfsorgakkommodasie vir 4 persone in Heilbron

**8. Hennie Jacobs**
- 4 x blesbokke (dagjag in Heilbron)

"Ons is dankbaar dat ons projek ruim geondersteun is. Vanjaar het ons uitstaande pryse gehad om aan te bied en daarom is dit nie vreemd dat ons 'n rekordaantal inskrywings gehad het nie," het Annari Combrink, skriba van die gemeente gesê.

"Duisend dankies aan elkeen wat by die projek betrokke was, dit gedryf het en geondersteun het."

Die kerkraad van die gemeente bedank graag die volgende borge vir hul onbaatsugtige bydraes:

- African Frontier Safaris (Van Rooyens)
- Francolin Creek (Hattinghs)
- Bankfontein Lodge (Myburghs)
- Schilpaddop Lodge (Engelbrechts)
- Thys Els
- Connie van Niekerk
- Johan du Plessis
- Herman Claasen
- Heilbron Herald



*Komiteelede van die NGK Heilbron Moedergemeente, se Buffeljagprojek wat die prystrekking waargeneem het. Van links is Abrie Watson, Thea Potgieter, Jacques van Rooyen, ds Braam van Zyl en André Janse van Rensburg.*

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus die Herald by 058 852 3033
of heraldnuus@heilbron.co.za




# Die platteland op sy beste

Die jaarlikse Heilbron Boeretreat het Saterdag weer 'n merkwaardige dag van gemeenskap-samehorigheid, sport, kultuur en musiek opgelewer. Die geleentheid, aangebied op die terrein van Hoërskool Heilbron, het hierdie jaar nog groter en beter afgeskop as ooit tevore – 'n volwaardige plattelandse fees vir die hele gesin.

Wat in 2015 as 'n eenvoudige gholfdag begin het, het nou ontwikkel in 'n landelike fees van formaat. Die Boeretreat bied 'n unieke kombinasie van stalletjies, boeresport, vermaak en musiek, alles met 'n stewige plaaslike smaak.

Sport en pret vir jonk en oud - In samewerking met Hoërskool Heilbron, het die dag 'n verskeidenheid sportaktiwiteite vir kinders gebied. Skoliere het deelgeneem aan mini-hokkie, netbal, rugby, food fear factor, aflos, toutrek en die gewilde kaskar-resies. Verskeie skole uit die streek het meegeding, met Hoërskool Reitz wat as die algehele wenners van die dag aangewys is.

Vir die kleuters was daar 'n spesiale kleuterskooltoernooi, met agt tradisionele boeresport-items soos sakresies, appelhap, hekkiespring en 'n aflosresies vir ouers en kinders. Die prettige mededinging is uiteindelik gewen deur Kleuterkasteel Heilbron, wat die wenstreep op hul skopfietse oorsteek het.

Een van die dag se groot hoogtepunte was die immer gewilde troutrekkompetisie. Deelnemers het hul spiere, strategie en uithouvermoë ingespan, en die Hoogte Boerevereniging het hul titel teruggewen na 'n intense stryd.

Die aandprogram het afgesluit met topklas Suid-Afrikaanse vermaak. Juanita du Plessis, Samantha Leonard, Rooksein en Gerhard Steyn het die verhoog behoorlik laat bewe, met Alwyn as die energieke seremoniemeester vir die aand.

Benewens die vermaak, dien die Boeretreat ook 'n belangrike liefdadigheidsoogmerk. Fondse word jaarliks ingesamel vir plaaslike kerklike, maatskaplike en gemeenskapsprojekte. Die suksesvolle veiling het verdere finansiële bydraes verseker vir hierdie waardevolle werk.

Die organiseerders het die sukses van die 2025-uitgawe bevestig en hul dank uitgespreek teenoor die hoofborge van die dag: Dekalb, Iveco, VKB, Pioneer, Pannar, Senwes en Maizefield, wat die Hole-In-One-prys geborg het tydens die gholftoernooi.

Die Heilbron Boeretreat het bewys dat 'n plaaslike, kultureel-geïnspireerde familiefees steeds groot gehore kan lok. Van musiek tot boeresport en uitstallers– dié dag is 'n ware viering van landelike lewe, gemeenskap-samehorigheid en gemeenskapsgees.




*Toutrek wenners Hoogte Boerevereniging.*









*Kleuterskool toernooi wenners Kleuterkasteel.*










*Algehele skoolwenners Hoërskool Reitz.*







# Eerste bod val op Heilbron

Vleissentraal het verlede Vrydag hul eerste veiling op Heilbron aangebied, en dit was 'n dag om te onthou. Die veiling is uitstekend ondersteun deur plaaslike veeboere, en pryse het hoog gebly deur die loop van die dag.

Volgens PJ Muller, bestuurder van Vleissentraal Heilbron, is die span baie tevrede met die verloop van die veiling. "Ons is opgewonde oor die toekoms en sien uit na die volgende veiling op 1 September. Ons bedank elke boer wat vee gebring het en vir kopers wat dit ondersteun het hy gesê."

Die nuwe fasiliteit bring nie net moderne geriewe vir veilings na die dorp nie, maar beteken ook 'n ekonomiese hupstoot vir Heilbron en die landbougemeenskap in die breër omgewing. 'n Persentasie van die veiling se omset is ook toegeken aan Boeretreat, wat dit weer aan behoeftige instansies sal skenk.

Met sulke positiewe momentum is dit duidelik dat Vleissentraal se teenwoordigheid in Heilbron 'n waardevolle toevoeging tot die streek is.



*Duurtse super prys aan Andrew van Eeden (3de van links) wat verskyn saam met Gerrit Viljoen (Heilbron DLU), Hugo Groenewald (Vleissentraal) en PJ Muller (Vleissentraal).*



*Flip Snyman (derde van links) het prys ontvang vir die duurste os en bul op veiling. Saam op foto is Hugo Groenewald (Vleissentraal), Gerrit Viljoen (Heilbron DLU), en PJ Muller (Vleissentraal).*



*Duurtse koei prys gaan aan DAM Boerdery – Alzan Myburgh (2de van links) saam met Gerrit Viljoen (Heilbron DLU), Hugo Groenewald (Vleissentraal) en PJ Muller (Vleissentraal).*

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum




*Op die foto vl: Connie van Rensburg, Charne Nel, Rethabile Lekata en Elmarie Els-Hammann.*

**• *Elmarie Els-Hammann***

Baie dankie aan die wat ons stalletjie Saterdag besoek het by die Boeretreat. Ons waardeer julle ondersteuning met die Projek-van-Hoop kaartjie verkope en ook die belangstelling in ons dienslewering. As jy jou kans gemis het om 'n inskrywing te koop vir 'n kans om 'n splinternuwe Renault Kwid Climber te wen, is dit nie te laat nie.

Kontak Elmarie Els-Hammann by 079 599 4135 om jou inskrywing te verseker. Engo Free State.




# DA demands urgent access to the sewer plant to protect Phiritona residents' health

*by Joseph Mbele - DA Councillor Ngwathe Municipality*

The Democratic Alliance (DA) in Ngwathe, Heilbron will write to the municipality to formally request urgent access to the Heilbron sewer plant and to express dissatisfaction over its continued inaccessibility. The blockage has resulted in uncollected buckets in Phiritona for over three months. This public health risk is due to roadworks on the Heilbron and Sasolburg route, which prevent access for the municipal tractor.

We communicated with the municipality, which confirmed that their tractor can't access the sewer plant due to the new road construction. Despite repeated requests from the contractor and their safety officer to provide an alternative access route, no action has been taken. We emphasise that public health must be prioritised over construction.

This matter is non-negotiable.

We have met with the contractor, who promised an alternative route, as had been done on previous occasions. We remain committed to holding the municipality and contractor accountable until this road is built and the issue is resolved.


Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald Kontak gerus die Heilbron Herald by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za




# Oordrag van eienaarskap Gig Technologies

Gig Technologies Pty Ltd is met ingang van 1 Augustus 2025 oorgedra aan die nuwe eienaars, Louise Snyman en Sonnet Kearney (Ermelo). Die besigheid is oorspronklik gestig op 1 Julie 2011 deur Adriaan Smit, wat oor die afgelope 14 jaar 'n stewige reputasie opgebou het in die tegnologiesektor – veral deur die verskaffing van rekenaar toerusting, sekuriteits stelsels en gehalte internetdienste aan die gemeenskap.

Die besigheid is trots om aan te kondig dat Eugene Flemming as die nuwe bestuurder aangestel is. Eugene bring vars insigte en toewyding tot die span en is gereed om voort te bou op die gevestigde sukses van die onderneming. Goeie kliëntediens sal soos altyd 'n prioriteit bly en die span sien uit om hulle kliënte met dieselfde standaarde van diens en professionaliteit te bedien.

*Louise Snyman en Adriaan Smit. Inlas: Sonnet Kearney.*



# In Liefdevolle Herinnering aan

*Jan "Lappies" Labuschagne (1956–2025)*



Met groot hartseer neem ons afskeid van Jan Labuschagne, beter bekend as "Lappies", wat op 31 Julie 2025 in die ouderdom van 69 jaar oorlede is. Sy begrafnisdiens het op Woensdag, 6 Augustus, op die Vegkop-terrein plaasgevind, waar familie, vriende en gemeenskapslede byeengekom het om sy lewe te vier en hulde te bring aan 'n geliefde pa, oupa en vriend.

Lappies laat sy kinders, kleinkinders, familie en vriende agter wat hom met liefde en waardering sal onthou vir sy menswees, sy lewenslus en sy onwrikbare liefde vir die mense rondom hom.

Die familie wil hiermee uit die diepte van hul harte dankie sê aan elkeen in die gemeenskap vir hulle liefde, ondersteuning en meegevoel gedurende hierdie hartseer tyd.

"In ons tyd van rou het julle gebede, besoeke, boodskappe, blomme en hulp met reëlings ons werklik getroos en 'n bron van krag en vrede vir ons gesin gebring. Julle teenwoordigheid en betrokkenheid het ons laat besef hoe geseënd ons is om deel te wees van só 'n omgee-gemeenskap."

Die nalatenskap van Jan "Lappies" Labuschagne sal voortleef in die harte van almal wat hom geken en liefgehad het.

# Derde plek by ATKV Redenaars Nasionale Finaal!



*Elne du Plooy*

Die Bronnies is aan't juig! Hoërskool Heilbron se laerskool hoofmeisie, Elne du Plooy, het die afgelope week puik presteer by die ATKV Redenaars Nasionale Finaal wat by ATKV Goudini Spa plaasgevind het.

Elne het deelgeneem in beide die voorbereide én onvoorbereide afdelings – 'n ware toets van denkvermoë, taalvaardigheid en selfvertroue. Haar harde werk en toewyding het vrugte afgewerp toe sy met trots 'n derde plek landswyd lospraat!

Hierdie is 'n uitsonderlike prestasie en 'n bewys van Elne se talent en deursettingsvermoë.

# Heilbron neem afskeid van Peet

Die gemeenskap van Heilbron is in rou ná die afsterwe van Peet van Zyl (40 jaar), seun van Dr. Piet en Rita van Zyl, op Saterdag 2 Augustus 2025.

Peet was 'n bekende en geliefde figuur in die dorp – 'n toegewyde eggenoot, pa, seun en vriend. Hy laat sy vrou Lizandi en hul drie kinders agter, asook familie en vriende wat hom met groot hartseer sal mis.

Peet is gebore en getoë in Heilbron en het aan Hoërskool Heilbron gematrikuleer. Ná sy studies het hy teruggekeer na sy tuisdorp waar hy hom suksesvol gevestig het as sakeman en boer.

Die teraardebestelling is 09:30 op die plaas. Die troosdiens word waargeneem deur Ds Tommie van Vuuren vanuit die *NG Moedergemeente Kerk, Steilstraat Heilbron* op Dinsdag, 12 Augustus om 11:00.



*Peet van Zyl*




**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30**
**Saterdae: 09:00 - 12:00**
**Elsstraat 42, Heilbron | Tel: 058 853 0006**
POSTNET HEILBRON

**RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2025 JAARPROGRAM**

| | | |
|---|---|---|
| 16 AUGUSTUS, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 13 SEPTEMBER, | 09:00 | JEUGSKIETDAG |
| 4 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 7 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 1922

# Ryno Viljoen oorlede



Die troosdiens van Ryno Viljoen is Maandag, 11 Augustus om 11:00 vanuit die NG Kerk Suid. Ds Hans van Vuuren sal die diens waarneem.

# KENNISGEWINGS

**KREDITEURE EN DEBITEURE BOEDEL WYLE ELIZABETH CATHARINA POTGIETER**

Kennisgewing aan krediteure & Debiteure in bestorwe boedels in die **Boedel van Wyle Elizabeth Catharina Potgieter**
Identiteitsnommer 281220 0019 08 7
van Prunus Laan 16, Reitz, 9810
Weduwee
**Datum van afsterwe: 11 Mei 2025**
**Boedelnommer 004257/2025**
Kennis geskied hiermee aan alle persone met vorderings teen bogemelde boedel om dit binne 30 dae vanaf datum van publikasie hiervan by die Eksekuteur, hieroor gemeld te lewer
**RONEL POTGIETER**
**ENSLINS RIEMLAND INGELYF**
**POSBUS 400, REITZ, 9810**


Kontak ons vir enige skryfbehoefte-benodigdhede

*Elsstraat 42, Heilbron*
*Tel: 058 853 0006*

Herald Office National



## FOTOSTATE

| | | |
|---|---|---|
| **Swart / Black** | | |
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| **Volkleur / Colour** | | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National



## WOONSTEL TE HUUR

Woonstel te huur vir enkellopende persoon, onmiddellik beskikbaar.
R3 000 per maand
Water & Ligte ingesluit.

Tuckerstraat 48, Heilbron

NAVRAE
081 541 5566


## JAARBEPLANNER 2025

**AUGUSTUS**
• 20 Aug. - Huis- & Tuinbouklub

**SEPTEMBER**
• 17 Sept. - Huis- & Tuinbouklub

**OKTOBER**
• 15 Okt. - Huis- & Tuinbouklub

**NOVEMBER**
• 19 Nov. - Huis- & Tuinbouklub




## TE HUUR


### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

**Sonja Muller 081 849 1877**


## GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# SMALLS

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE


## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com



BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**



## BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

Elsstraat 42, Heilbron | Tel: 058 853 0006

POSTNET HEILBRON


Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 12de Desember 2025 sluit en DV die 7de Januarie 2026 open.
Die winkel sluit die 18de Desember 2025 en open die 5de Januarie 2026.
Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.

Herald Office National
**Elsstraat 44 • Heilbron - Tel: 058 852 3033**




Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald Kontak gerus die Heilbron Herald by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za


DUPNO Trading

**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**

Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

HERALD Sport

# Goud vir Tracy by NV Masters


Vyf talentvolle spelers van die Heilbron Rolbalklub het die afgelope naweek aan die gesogte Noord-Vrystaat Masters-kompetisie in Welkom deelgeneem – 'n jaarlikse prestigegeleentheid waar die streek se beste spelers mekaar die stryd aansê.

Tracy Jacobs het uitmuntend gevaar in die Veterane-Damesafdeling en is as algehele wenner met die goue medalje bekroon. Haar puik spel het weereens bevestig hoekom sy as een van die topspelers in die streek gereken word.

RJ Muller het ook sy merk gemaak en 'n brons medalje verwerf in die Junior Mansafdeling – 'n prestasie wat sy vasberadenheid en talent onderstreep.

Hierdie uitslae getuig van die kwaliteit spelers wat Heilbron Rolbalklub kweek, en dat hul lede met selfvertroue teen die beste in die streek kan meeding.

Baie geluk aan Tracy en RJ – julle maak Heilbron trots!



*Tracy Jacobs*

# Heilbron posduifklub spog met uitstekende prestasie

Op Saterdag, 2 Augustus 2025, het die Heilbron Posduifklub weereens hul merk gemaak met 'n suksesvolle duifresies vanaf Drie Susters. Die ope 1 duiwe is stiptelik om 07:30 die oggend vrygelaat met mooi weer en ȟ noord-weste wind wat waai. Die wenner het reeds om 17:16 in Heilbron aangemeld en 688km afgelê. Altesaam het 64 duiwe en 6 lede aan die wedvlug deelgeneem.

**Top-uitslae was soos volg:**

1. OJS Hokke
2. OJS Hokke
3. Peet van Zyl
4. Cilliers en van Vuuren
5. OJS Hokke
6. OJS Hokke
7. Cilliers en van Vuuren
8. Wing IT
9. Cilliers en van Vuuren
10. Peet van Zyl

Die ope 2 wedvlug se duiwe is om 08:00 vrygelaat en is die wen duif om 17:35 geklok wat 'n distansie van 685km afgelê het.

**Top uitslae is as volg:**

1. Peet van Zyl
2. Cilliers en van Vuuren
3. OJS Hokke
4. OJS Hokke
5. OJS Hokke
6. Peet van Zyl
7. OJS Hokke
8. Peet van Zyl
9. Cilliers en van Vuuren
10. OJS Hokke

Die klub is trots op al hul deelnemers en sien uit na nog vele opwindende wedvlugte in die seisoen wat voorlê.

# Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag 2 Augustus 2025 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Richmond gevlieg. Die duiwe is om 07:30 gelos en die wen duif is weer om 15:19 geklok op Reitz. Die afstand wat die wen duif gevlieg het was 588 kilometer.



*Op die foto is Handro Swart en Riaan Kriel van Spartan Pigeons 2 met die wenduif 1107.*

Daar het 7 lede en 210 duiwe deelgeneem.

1. Spartan Pigeons 2
2. Morgenzon Lofts A
3. Spartan Pigeons 2
4. Morgenzon Lofts A
5. Morgenzon Lofts A
6. Spartan Pigeons 3
7. Morgenzon Lofts A
8. Morgenzon Lofts A
9. Morgenzon Lofts A
10. Morgenzon Lofts B

Volgende Saterdag vlieg die duiwe weer vanaf Richmond.

# Suksesvolle Boeretreat Gholfdag

Die Boeretreat Gholfdag was 'n reuse sukses en spelers was dit eens dat die dag uitstekend gereël is. Borge het uitgepak en die spelers op die baan bederf – van verversings tot verrassings!

Met 'n stewige telling van 39 punte het Gerrit en Phillip die dag gewen. Dankie aan almal wat deel was van die pret – sien julle weer volgende jaar!



BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 11 AUGUSTUS 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 12 AUGUSTUS 2025
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036

VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169

LINDLEY: LOUMA BOERDERY DROUGHTMASTER VEILING
11:00, plaas Grootkrantz
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

WOENSDAG - 13 AUGUSTUS 2025
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

DELMAS/NIGEL: BLOEMENDAL BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Nooitgedacht
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

MEMEL: BOSHOEK BOVELDERS & MARITZ BOVELDER PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Boshoek
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

WINBURG: ROTSWAND & MARATANA SIMBRAS (Zarissa Simbras gasverkoper)
11:00, Winburg
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

DONDERDAG - 14 AUGUSTUS 2025
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

ROSENDAL 2-Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

VRYDAG - 15 AUGUSTUS 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Sally de Villiers 073 816 4956

VENTERSBURG: AVELING BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Welkomspruit
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za